# Die bedienaar van die Woord in twee kerkordes in die Dordtse tradisie

***Piet Strauss***
***Departement Ekklesiologie***
***Fakulteit Teologie***
***Universiteit van die Vrystaat***
***BLOEMFONTEIN***

***straussp@ufs.ac.za***

## Abstract

### The minister of the Word in two church orders in the tradition of Dordt

*An accepted viewpoint in a Reformed church polity is that the minister of the Word should accept the responsibility in the congregation or church to explain and proclaim the Gospel. In order to be accepted in this office, such a person should meet the needed requirements. The usage of Scripture in the church, however, also should lead to this institution being governed by the Word. Jesus Christ as the Head of the church governs the church through His Word.*

## Opsomming

### Die bedienaar van die Woord in twee kerkordes in die Dordtse tradisie

*Dit is 'n aanvaarbare standpunt in die gereformeerde kerkeg dat die bedienaar van die Woord die verantwoordelikheid aanvaar om die Woord in die gemeente of kerk te verduidelik en te proklameer. So 'n persoon kan hierdie amp alleen beklee as hy of sy aan die vereistes voldoen. Die verkondiging van die Woord moet die oortuiging stimuleer dat Christus as die Hoof die kerk deur sy Woord regeer.*

## 1. Probleemstelling

Die omgang tussen God en sy gemeente wat draai om *"de verkondiging, in Woord en teken en het belijdend antwoord daarop"* bepaal die struktuur en inhoud van die kerk fundamenteel. So skryf Koffeman oor die *"ambt"* in die kerk in sy onlangse *"Het goed recht van de kerk"* (2009:137).

Daarom het 'n gemeente waarin daar niks gereël is oor die wyse waarop hulle vergader rondom die Woord en die sakramente nie, volgens Koffeman geen kans op 'n sinvolle voortbestaan nie. Hy vervolg:

*"Een dergelijke gemeenschap waarin niet duidelijk is bij wie de bevoegdheid ligt om te verkondigen en de sacramenten te bedienen, loopt… vast in competentiekwesties. Alleen al om de vrijheid van de verkondiging van het Woord zoveel mogelijk veilig te stellen, is een vorm van gestructureerd ambt vereist, ook al is ten aanzien van de vormgeving daarvan nog een grote variëteit denkbaar"* (2009:137).

Met hierdie woorde impliseer Koffeman ten minste drie aspekte wat by die amp van die bedienaar van die Woord ter sprake kom.

Die eerste is dat dit in die amp van die bedienaar gaan om die bediening van die Woord deur die verkondiging daarvan as die Boodskap van God en deur die bediening van die sakramente van die nagmaal en die doop. In die gereformeerde tradisie word daar 'n noue verband tussen die Woord en die bediening van respektiewelik die brood, die wyn én die water gehandhaaf. Saam met die werking van die Heilige Gees en die geloof van die gebruikers – hulle wat nagmaal "gebruik" of hulself as volwassenes of hulle kinders laat doop – konstitueer dié vier elemente 'n sakrament: die *Woord* wat van gewone brood, wyn en water tekens maak deur dit in 'n nuwe konteks te plaas, die *tekens* self, die *Heilige Gees* wat die verduidelikende Woord by die gebruik van die tekens oordra aan die gebruiker en die *geloof* waarmee die laasgenoemde die genadebetekenis van die sakrament ontvang. Sakramente wat in dié tradisie soos deurslaggewend beïnvloed deur Augustinus (+430nC) en Calvyn (+1564nC) tekens én seëls (waarborge) van God se genadige verlossing is én sigbare woorde van God genoem word (De Jong, 1987:71, 171,194,196; Strauss, 2010:97-100).

Op dieselfde tradisielyn is dit 'n erkende gebruik in die Presbiteriaanse Kerk in die VSA om kortweg van *"ministers of the Word and Sacrament"* te praat (Gray en Tucker 1999:86). Dit gaan dus om bedienaars van die Woord deur die bediening van die Woord en die sakramente wat op hulle beurt 'n bepaalde soort bediening van die Woord is (Bouwman, 1985:487).

Hierteenoor gebruik die Christian Reformed Church of North America slegs die uitdrukking *"minister of the Word"* omdat die bediening van die sakramente in hulle verstaan by die bediening van die Woord ingesluit word (Engelhard & Hofman, 201:94).

Die tweede aspek draai om die *"competentie"* van die verkondiger. So iemand moet 'n amptelike of kerklik erkende verkondiger wees. Kerklike erkenning is 'n aksie van die gemeenskap van die gelowiges en nie net 'n indiwiduele keuse nie. Dit gaan immers om 'n erkende verkondiger "onder ons"; iemand wat oor die "reg" (erken deur legitimasie en bevestiging as kerkregtelike handelinge) of erkende vermoë beskik. 'n Vermoë waarvoor so 'n persoon geroep en opgelei is (Kleynhans, 1984:29-36; Spoelstra, 1989:114) om die Woord en die sakramente te bedien.

Die derde aspek is die geïmpliseerde oortuiging dat die kerk alleen sinvol as kerk kan voortbestaan as hierdie bestaan draai om Woord en sakrament. Dat die gelowiges as gelowiges leef op die geestelike voedsel wat kom uit die Woord en die sakramente. Dat die geestelike identiteit van die kerk herken word aan die manier en inhoud van die samekoms van Christengelowiges rondom Woord en sakrament. Dit was Calvyn wat vroeër hierdie twee kenmerke in hulle suiwer vorm geïdentifiseer het as die twee kenmerke of merktekens van die ware kerk van Christus (sa:39). Sy opvolger in Genéve, Theodore Beza, het dit meer ge-ekspliseer en uitgebrei na die suiwere bediening van die Woord, die sakramente en die tug as die drie merktekens van die ware kerk (Bavinck, 1967:365). Die suiwerheid van die bediening van die Woord en die sakramente impliseer immers tug (Strauss, 2010:34).

Die feit dat hierdie derde aspek draai rondom die Woord en die sakramente beteken dat die erkende bedienaar van die Woord – en sakramente – 'n sleutelposisie in die kerk of die gemeente as komplete kerk – *ecclesia completa* – inneem. Dat sy bediening die kerk in al sy take of kante moet stimuleer om 'n Woordgetroue kerk te wees (Rutgers 1882:38; Bouwman, 1985:13-14).

Die vraag wat in hierdie artikel ondersoek word, is of die Kerkordes van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGKO) en die Christian Reformed Church of North America (CRC-KO) – twee moderne kerkordes in die Dordtse tradisie (Strauss, 2013:240) – sowel as die Dordtse Kerkorde (DKO) self hierdie drie aspekte, naamlik die verkondiging van die Woord, die erkende "*competentie*" om die Woord te verkondig en die sentrale plek wat die Woord in die kerk en die kerkregering inneem, rondom die bedienaar van die Woord handhaaf. Dit gaan hier immers om 'n stylfiguur, 'n amp of diens wat Woord- en belydenisgetrou moet oorkom.

## 2. Woord sentraal in die kerk

Koffeman se aanduiding van die kerk wat vir sy ontstaan en voortbestaan as die liggaam van Christengelowiges afhanklik is van die verkondiging van die Woord, word deur die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, die *Heidelbergse Kategismus* en die *Dordtse Leerreëls* (die Drie Formuliere van Eenheid in gereformeerde kerke in die Nederlandse tradisie) bevestig. Die sentraliteit van die Woord word geïllustreer in antwoord 54 van die Kategismus wat verklaar dat Christus vir Hom uit die hele menslike geslag 'n gemeente vergader en onderhou. 'n Gemeente wat Hy vooraf tot die ewige lewe verkies het en deur sy Woord en Gees in die eenheid van die ware geloof van die begin tot die einde van die wêreld versamel. Hierdie relasie *verkiesing-verkondiging-geloof* vir die ontstaan en voortbestaan van die kerk kom ook in die *Nederlandse Geloofsbelydenis* artikel 16 en 27 en die eerste leerstuk van die *Dordtse Leerreëls* voor (Strauss, 2010:82).

Die *Nederlandse Geloofsbelydenis* voer die oorsprong van die kerk terug na die uitverkiesing van God. In artikel 16 word verklaar dat God die verlostes uit "louter goedheid" in sy "ewige en onveranderlike raad" uitverkies het in Jesus Christus. Hierdie belydenis word in artikel 27 aangevul. Hierin word die kerk 'n vergadering van "almal wat in Jesus Christus glo" genoem. Die implikasie is dat hulle gekies is om deur die Woord en Gees van God – die verkondiging – tot geloof gebring te word (NGK, sa:19,28).

Die *Dordtse Leerreëls* handhaaf ook die relasie *verkiesing-verkondiging-geloof*. In leerstuk 1 word aangevoer dat God kragtens sy besluit uit louter goedheid en genade die uitverkorenes ombuig om

te glo. Die kerk bestaan uit die gelowiges in Christus wat hierdie geloof kan terugvoer na die ewige besluit van God (NGK, sa:78).

Jonker bevestig die bepalende posisie van die Woord in die kerk uit 'n ander hoek. Hy bestempel die regeergesag van die Hoof van die kerk, Jesus Christus, as Woordgesag (1965:6,11). Christus regeer die kerk deur die Woord (en sy Gees) tot beswil en voortbestaan van die kerk. Die kerk wat as gebou (ook tempel, huis en huisgesin) van God gebou is op die getuienis (natuurlik in woorde) van die apostels en profete en waarvan Jesus Christus self die hoeksteen is (Efesiërs 2:20).

Hierdie vertrekpunt maak die bediening van die Woord en sakramente en die antwoord van die gemeente met woord en daad, dié bepalende elemente van kerkwees. Elemente waardeur die Here – tradisioneel gereformeerd – direk of onmiddellik deur sy Woord en Gees en indirek of middellik of deur middel van die kerklike dienste of ampte[1], werk (Calvyn, sa:54; Coertzen, 1998:35-45).

## 3. Bedieningsfunksies in diens van die Woord

In 'n studiestuk oor die bedieningstruktuur van die Ned Geref Kerk tref Du Toit (1998) 'n aanvaarbare, verhelderende onderskeid tussen "bedieningsopdragte" en "bedieningsbehoeftes". Eersgenoemde het te make met die fokuspunte of *foci* van die kerklike bediening – ten opsigte van ampte of dienste – en laasgenoemde met die "konkrete mens in sy eietydse omstandighede".

Eersgenoemde raak die "blywendgeldige", normatiewe verantwoordelikhede van die kerklike bediening en laasgenoemde die praktiese gestaltegewing daarvan. As toepassings of bedienings in 'n spesifieke tyd, is laasgenoemde tydsgebonde en nie normatief nie.

Volgens Du Toit is die bediening van die Woord *"…ongetwyfeld… een van die blywendgeldige verantwoordelikhede van die kerk. Die liggaamshouding van 'n Woordverkondiger kan egter volgens omstandighede wissel"* (1998:217).

1 Die ou kerkordes in die Dordtse tradisie praat van die ampte as dienste (Pont, 1981:176).

Du Toit ag dit onmoontlik om die gedetailleerde inhoudelike aard van die tradisionele ampte van ouderling, diaken en leraar in die lig van die Skrif vas te stel. Tog is dit moontlik om ’n bepaalde fokus by elkeen te identifiseer. Geestelike leiding en toesig kom by die ouderling, praktiese dienswerk by die diaken en Woordverkondiging by die leraar voor. Hierdie drie *foci* val in belangrike opsigte saam met die Ou Testamentiese ampte van koning, priester en profeet en kan aan die drie ampte wat kragtens die *Heidelbergse Kategismus* aan Christus se dienswerk verbind word, gekoppel word. Hierdie belydenis noem Christus “ons hoogste Profeet en leraar”, “enigste Hoepriester” en “ewige Koning” (NGK, sa:47). Sleutelaspekte van die Ou Testamentiese ampsbeskouing – aldus Du Toit – het so in die Nuwe Testament vervulling gevind (1998:219).

Normatief beskou oriënteer die kerklike ampsbediening op die ampte van Christus. Hy is die Hoof en Heer van die kerk wat sy kerk bedien en deur die kerk die gemeenskap bedien. Soos die apostel Paulus dit stel:

*“Hy is immers die hoof, en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam ‘m eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde”* (Ef 4:16).

Hierdie drie amps*foci* vorm volgens Du Toit konstante peilers in die bediening van die kerk. Hy noem dit die duidelike verantwoordelikheid van die kerk om God hierdeur te verheerlik, homself op te bou en ’n getuienis in die wereld te lewer (1998:219).

## 4. Drie besondere ampte nie die konstantes

Hoewel Du Toit konstante of blywendgeldige bedienings*foci* identifiseer, oordeel hy dat verskillende, en as dit nodig is, bykomende ampte as kanale kan dien waardeur die *foci* in verskillende situasies tot gelding gebring word. Hy het waardering vir die drie besondere ampte naamlik die van ouderling, diaken en leraar, maar sien dit as gestaltegewings van die amps*foci* en nie konstantes nie. Dit sou, met die oog op die effektiewe implementering van alle Skriftuurlike bedieningsopdragte of *foci*, uitgebrei kon word.

Du Toit se vermoede dat Calvyn die ampte as kanale of gestaltes van bediening nie tot drie beperk nie (1998:220), word in die werk van Calvyn bevestig (vgl. sa: 54,58). Deur aan te toon dat God in

die bediening van die kerk van mense gebruik maak, plaas die reformator van Geneve die ampte aan die nie-normatiewe toepassingskant. Hy maak naas die 3 tradisionele ampte ook melding van die ampte van doktore onder Woordbediening en twee soorte diakens: die wat die armes versorg en die wat die siekes versorg (sa:59; Bouwman, 1985:356,568; Kleynhans, 1984:47,79).

In plaas van "amp" verkies Du Toit die begrip "bediening" wat hy beter as die woordjie "diens" beskou omdat dit ’n geordende funksie beskryf. Hy erken egter dat die woordjie "amp" kerklik beskou ook as ’n diens beskou word, van betekenis verander het en in die kerk ingeburger is (1998:218).

In navolging van Du Toit praat die huidige Kerkorde van die Ned Geref Kerk van die amp van die bedienaar van die Woord wat "gefokus" is op die bediening van die Woord in "al sy gestaltes", die van die ouderling wat "gerig" is op geestelike onderskeiding, versorging, leiding, bestuur en toesig en van die diaken op praktiese dienswerk – ’n term wat by die Algemene Sinode van die Ned Geref Kerk in 1998 direk aan Du Toit ontleen word (vgl NGKO, 1994:3-5; NGKO, 1998:4-8; NGKO, 2011:4-7; Du Toit, 1998:219).

In die lig hiervan kan die amp of diens van die kerklik erkende Bedienaar van die Woord dus as die gestaltegewing van ’n Bybelsblywendgeldige bedieningsfunksie van die kerk beskou word. ’n Amp waarvoor die Latynse betiteling *Verbi Divini Minister* of *VDM* in die gang van die kerkgeskiedenis mettertyd gebruik is (Gaum, 2008:96).

Tot by die Algemene Sinode van 1994 het die Ned Geref Kerk die term *"status"* gebruik vir respektiewelik predikants- en proponentsbevoegdheid. Kerklike erkenning as predikant of VDM of proponent het gelei tot die status van ’n Bedienaar van die Woord of ’n proponent. Volgens die Sinode van 1994 het hierdie *"status"* die deur geopen vir die opvatting dat daar ’n blywende eer en mag aan die persoon met die status kleef. Iets waaroor hy ook moet kan beskik al sou hy nie binne gemeente- of kerkverband in die amp dien nie. Die Sinode het egter die *"status"* van die ampsdiens van die Bedienaar van die Woord en van die proponent met bevoegdheid vervang (NGK, 1994:505). In die Ned Geref Kerk sou dit voortaan om ’n erkenning van die bevoegdheid of *"competentie"* van ’n predikant en proponent gaan.

Teen hierdie agtergrond skuif die fokus na wat genoemde drie Kerkordes, die DKO, NGKO en CRC-KO, met die ampspligte of -take, die erkende *"competentie"* van 'n Bedienaar van die Woord en hierdie amp in 'n kerk waarin die Woord sentraal staan, maak. Kortom, wat hierdie Kerkordes met die *focus* van die verkondiging van die Woord as 'n bedieningsopdrag, maak.

## 5. Die ampspligte of -take van die Bedienaar van die Woord

Die DKO gaan daarvan uit dat dit by die *"dienaren ambt"* om die bediening van die Woord gaan. Volgens sy artikel 16 word hierdie amp getaak met die *"gebeden"*, die bediening van die Woord en die sakramente en dan om op die ouderlinge en diakens en ander gemeentelede *"goede acht te nemen"* en saam met eersgenoemde twee ampte die kerklike dissipline uit te oefen. So moet hulle sorg dat alles *"eerlijk en met orde"* gepaard gaan (Pont, 1981: 178).

In die DKO val die klem by die amp van die bedienaar van die Woord dus op Woord- en sakramentsbediening. 'n Woordbediening wat saamloop met 'n egtheid en goeie orde in die gemeente. Die ingang of trefkrag van die Woordbediening in die gemeente vra vir 'n geloofsgemeenskap waarin die orde wat volg op Skrifgehoorsaamheid 'n duidelike konsekwensie van die verkondiging van die Skrif is. Die bedienaar moet hieraan meewerk. Dit is ook sy taak om die Woord effektief te bedien.

Dat die bediening van die Woord hier voorop staan, word versterk deur die DKO se gehegtheid aan die anti-hiërargiese beginsel. Ampsgelykheid tussen predikante, ouderlinge en diakens word gestel in artikel 17 en 84. Die DKO skerm teen die gedagte dat sekere bedienaars ampshalwe gehoorsaamheid van ander eis in plaas daarvan dat hulle op 'n gelyke voet saam met ander in diens staan van 'n gesamentlike gehoorsaamheid aan die Woord (Pont, 1981: 178,186). In hierdie gehoorsaamheid word die kern van die eenheid van die kerk gevind. Dit gaan hier om 'n gesamentlike geloofsantwoord op die verkondiging van die Woord. Om Koffeman se *"het belijdend antwoord"* van die kerk op die Woord. 'n Hartsantwoord wat substansieel en formeel uitgedruk word in kerklike belydenisskrifte as die sogenaamde akkoord of ooreenkoms van kerklike gemeenskap (Smit, 1984:64).

Die anti-hiërargiese beginsel wil verseker dat lidmate mekaar in vryheid kontroleer om aan die Woord gehoorsaam te wees en dat die kerk ’n Woordgedrewe kerk is. Dit sluit dus aan by die derde aspek hierbo genoem naamlik dat die Woord in alle aspekte van die kerk of geloofsgemeenskap heerskappy voer (Strauss, 2010:48).

Die CRC-KO en die NGK-KO volg in hoofsaak dieselfde inkleding van die taak van die amp van die *“Minister of the Word*” of die “bedienaar van die Woord”.

## *5.1 CRC-KO en NGK-KO: take van die bedienaar*

’n Artikel wat die saak goed opsom is CRC-KO 11. In ’n enkele sin word die roeping van die VDM omskryf. Die bedienaar moet die Woord proklameer, verduidelik en toepas sodat die lidmate van die kerk van Jesus Christus versamel en opgebou kan word (Engelhard & Hofman, 2001:93). Kortom, dit behels ’n aktuele bediening van die Woord sodat die kerk opgebou en uitgebrei kan word. Dit is sodat die intensiewe en ekstensiewe bedieningsfunksies van die kerk funksioneer (Engelhard & Hofman, 2001:93).

Anders gestel, dit gaan oor ’n sleutelaksie of -bediening in die kerk of gemeente wat sy gebondenheid aan die Woord stimuleer.

Artikel 12 gee hande en voete aan artikel 11. Die bedienaar word bestempel as ’n herder van die gemeente wat die Woord verkondig, die sakramente bedien, eredienste lei, die kerkjeug katkiseer en die lidmate oefen in hulle dienswerk. Die bedienaar moet ook saam met die ouderlinge die kerklike dissipline in die gemeente beoefen, laasgenoemde pastoraal versorg en evangelisasie bevorder (Engelhard & Hofman, 2001:95).

Wat die inhoud van amp van die bedienaar van die Woord betref, is die CRC-KO meer eietyds, maar in dieselfde lyn as die DKO. Die bedienaar is eenvoudig ’n VDM.

Die NGK-KO loop in dieselfde rigting ten opsigte van die take van die predikant. Artikel 9 begin met die bepaling dat

*“Die amp van die bedienaar van die Woord fokus op die bediening van die Woord in al sy gestaltes”* (NGK-KO, 2011:4).

Soos in die CRC-KO het ons hiermee ’n omvattende, dekkende term wat ’n duidelike rigting aandui. Die taak van die VDM as – breedweg – ’n bedienaar van die Woord word erken.

Steeds in die Dordtse spoor bepaal die NGK-KO artikel 9 dat die VDM "funksioneer" in diens van 'n gemeente, die kerkverband en die diens van die kerk in die wêreld. In die gemeente is die bedienaar verantwoordelik vir die verkondiging van die Woord, die bediening van die sakramente, "die gebede" en die "voortdurende ontwikkeling" van bedieningsvaardighede. As uitvloeisels hiervan en saam met die ander ampte is die bedienaar van die Woord verantwoordelik vir eredienste, die leiding, opbou en organisering van die gemeente, die toerusting van die gelowiges vir hulle dienswerk, die uitoefening van die Christelike liefde en tug en die pastorale versorging. Die bedienaar moet ook deelneem aan die vergaderings en werk van die kerkverband en ekumeniese kontakgeleenthede (NGK-KO, 2011:5).

Twee sake staan uit in NGK-KO 9. Die eerste een is dat die bedienaar met die Woord as VDM sy bedieningstake moet verrig. Voorop staan die Dordtse bediening van die Woord en die sakramente en die gebede. Tradisioneel en prinsipieel take wat direk aan die van 'n herder en leraar en die bediening van die Woord gekoppel word. As dit daarom gaan om bedieningsvaardighede wat in kerklike diens aangewend word, moet die Woord prinsipieel in die sentrum staan. 'n VDM rus toe – ten diepste – met die Woord (Jonker, 1965:12).

Die pastorale karakter van die diens van die bedienaar moet eweneens Woordgedrewe wees. Net so moet die kerklike tug, in onderskeiding van kil en kliniese siviele hofsake, pastoraal gestempel en Woordbegrond wees (NGK-KO, 2011:18, Sadler, 1979:12-14; Strauss, 2010:110). NGK-KO se kombinering van "Christelike liefde en tug" in dieselfde sinnetjie is paslik en getuig van 'n kerklike aanvoeling.

Die tweede saak wat in NGK-KO 9 uitstaan, is die opneem van onnodige, vanselfsprekende bepalings in die gees van oorreglementering. Bepalings wat ook elders in die kerkorde gedek word. Voorbeelde is dat die bedienaar 'n volgeling van Jesus Christus moet wees, aan die werksaamhede van die kerkverband moet deelneem en dat die verband reelings tref vir die diens van die bedienaar in gemeente en kerkverband (NGK-KO, 2011:4-5).

In die lig van artikel 1 van NGK-KO wat die Woord en die belydenisskrifte tot die "grond" waarop die Ned Geref Kerk staan, verklaar

(NGK-KO, 2011: 1), spreek dit vanself dat alle lidmate volgelinge van Christus moet wees. Waarom nou die VDM uitsonder? Daarby, in die lig van die bepalings – byvoorbeeld – vir die samestelling van die ring en die sinode wat die bedienaars van die gemeentes betrek (NGK-KO, 2011:9,10) en reëlings vir die opleiding van predikante (NGK-KO, 2011:2,3) is hierdie ekstras onnodig, onnoukeurig en slordig.

Vanselfsprekendhede verlaag die nut en noodsaaklikheid van ’n kerkorde. Kerklike vanselfsprekendhede hoef immers nie kerkrdelik ook gereël te word nie. Die CRC-KO staan in skrille kontras hiermee.

Hiermee is die aandag wat die CRC-KO en NGK-KO aan die eerste en derde aspek rondom die diens van die bedienaar gee, hanteer. Die aandag verskuif nou na die tweede aspek of die vereistes vir kerklike erkenning wat beide aan die bedienaar gee.

## *5.2 CRC-KO en NGK-KO: die erkenning van ’n bedienaar*

Koffeman verwys na die bevoegdheid van persone *“om te verkondigen”* as “*competentiekwesties”* (2009:137). Vroeër is daarop gewys dat die kerklike erkenning – en roeping – van ’n bedienaar van die Woord ’n aksie van ’n gemeenskap van gelowiges en nie slegs ’n indiwidu is nie.

As twee kerkordes in die Dordtse tradisie val die kollig op die DKO, maar veral ook op die CRC-KO en die NGK-KO se hantering van die erkenning en toelating van iemand as ’n bedienaar.

Die DKO bepaal dat ’n voorafberoep as ’n bedienaar van die Woord (VDM) nodig is vir iemand wat in ’n kerklike diens wil staan. Om vir so ’n beroep wat uitloop op ’n bevestiging as VDM, te kwalifiseer, word ’n kandidaat ten opsigte van leer en lewe kerklik ondersoek. Dit gaan om die kandidaat se roepingsbesef, motiewe en leefwyse, maar ook ’n aanvaarbare voorbereiding vir die taak deur studie (Pont, 1981:176-177). Die inhoud van hierdie vereistes word nie kerkordelik bepaal nie, maar deur besluite van bevoegde kerkvergaderings. Die eksaminering geskied deur die klassis waarvan die beroepende gemeente deel is.

Die beroep word uitgebring na advies en met medewete van die klassis met kennis aan die betrokke sinodale deputate en na

korrespondensie met die destydse Christelike staatsowerheid in Nederland (Pont, 1981:176). Die Gereformeerde Kerke was in daardie stadium immers staatsbevoorreg.

In die CRC-KO word iemand net as ’n bedienaar van die Woord bevestig na die voltooiing van ’n bevredigende teologiese opleiding soos bepaal deur die sinode. Die klassis van die beroepende gemeente eksamineer so ’n kandidaat ten opsigte van leer en lewe – ook ooreenkomstig sinodale bepalings. Die eksaminering vind plaas in die teenwoordigheid van sinodaal gedeputeerdes (Engelhard & Hofman, 2001:85). Toelating vereis verder die kandidaat se ondertekening van die belydenisse van die kerk (Engelhard & Hofman, 2001:49).

Die NGK-KO vereis vir die toelating tot die bediening van die Woord ampsgeskikheid, ’n deeglike teologiese opleiding en die ondertekening van ’n legitimasieverklaring waarin die ondertekening van die Drie Formuliere van Eenheid naamlik die *Nederlandse Geloofsbelydenis*, *Heidelbergse Kategismus* en *Dordtse Leerreëls* vervat is. Die Algemene Sinode bepaal die vereistes vir die aard en standaard van die opleiding en die toesig daaroor. ’n Kerklike kuratorium hou toesig oor die opleiding en eksaminering van kandidate. Na afloop van hulle studie en eksaminering ten opsigte van geskiktheid en teologiese opleiding en hulle verklaarde instemming met die belydenisskrifte, word hulle vir legitimasie aan die Algemene Taakspan vir Regte oorhandig (NGK-KO, 2011:2-3).

Beide die CRC-KO en die NGK-KO staan ten opsigte die vereistes vir die bedienaar van die Woord in die verlengde van die DKO. Beide vereis sekere standaarde ten opsigte van leer, lewe en teologiese opleiding. Die verskil is dat die CRC-KO, tipies Dordts, die finale eksaminering aan die plaaslike klassis gee, terwyl dit in die Ned Geref Kerk aan gedeputeerdes van die Algemene Sinode toevertrou word.

## 6. Slot

Beide die CRC-KO en NGK-KO dra die idee van die bedienaar van die Woord as ’n bediening wat ’n sentrale rol in die kerk speel. ’n Bediening of amp wat op die verkondiging of uitdra van die Woord van God fokus. Die aanvaarding van so ’n amp vereis volgens beide ’n kerklike beroep. Daar word nie net indiwidueel nie, maar in kerkvergaderings daarop besluit.

Die erkenning van iemand as ’n bedienaar van die Woord of VDM beteken dat so ’n persoon ’n kerklike proses voltooi het waarin sy of haar geskiktheid vir die amp bepaal is.

Opgesom gaan dit by die VDM om die uitdra of verkondiging van die Woord, die kerklike erkenning van die betrokke persoon se geskikheid vir die amp en die oortuiging dat die Woord die kerklike lewe moet bepaal.

## Bibliografie


BAVINCK, H. 1967. *Gereformeerde Dogmatiek IV*. Kampen: Kok.

BOUWMAN, H. 1985. *Gereformeerd Kerkrecht I.* Kampen: De Groot Goudriaan.

CALVYN, J. sa. *Institutie IV*. Delft: Meinema (vert. A Sizoo).

COERTZEN, P. 1998. *Church and Order*. Leuven: Peeters.

DE JONG, O. 1987. *Geschiedenis der kerk*. Nijkerk: Callenbach.

DU TOIT, A.B. 1998. *Ondersoek na ’n Nuwe Testamentiese basis vir die heraanpassing van die bedieningstruktuur in die Ned Geref Kerk. NGK Agenda Algemene Sinode,* 217-221. Sl:sn.

ENGELHARD, D.H. & HOFMAN, L.J. 2001. *Manual of Christian Reformed Church Government.* Grand Rapids: CRC Publications.

GRAY, J.S. & TUCKER, J.C. 1999. *Presbyterian Polity for Church Officers.* Louisville: Geneva.

GAUM, F. (Red.) 2008. *Christelike Kernensiklopedie.* Wellington: Lux Verbi BM.

JONKER, W.D. 1965. *Om die regering van Christus in sy kerk*. Pretoria: Unisa.

KOFFEMAN, LJ 2009. *Het goed recht van de kerk*. Kampen: Kok.

KLEYNHANS, E.P.J. 1984. *Gereformeerde Kerkreg II.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

NED GEREF KERK (NGK). sa. *Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse.* Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

NGK. 1994. *Handelinge van die Algemene Sinode.* Sl:sn.

NGK-KO. 1994, 1998, 2011. *Kerkorde*. Sl:sn

PONT, A.D. 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg I.* Pretoria: HAUM.

RUTGERS F.L. 1882. *Het kerkverband*. Amsterdam: Kruyt.

SADLER, T.H.N. 1979. *Die kerklike tughandeling.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

SMIT, C.J. 1984. *God se orde vir sy kerk.* Pretoria: NG Kerkboekhandel Transvaal.

SPOELSTRA, B. 1989. *Gereformeerde kerkreg en kerkregering.* Hammanskraal: GKSA.

STRAUSS, P.J. 2010. *Kerk en orde vandag*. Bloemfontein: Sunmedia.

STRAUSS, P.J. 2013. Die ouderling in twee kerkordes in die Dordtse tradisie. *Acta Theologica,* 33(1): 240-251.